



Notule

van die

Vyf-en-Dertigste Algemene Jaarvergadering

gehou in die

C R Louw Lesingsaal, Sanlam Hoofkantoor, Bellville

24 Mei 2019



**NOTULE VAN DIE VYF-EN-DERTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING
VAN DIE LA AFTREEFONDS
GEHOU IN
DIE C R LOUW LESINGSAAL, SANLAM HOOFKANTOOR, BELLVILLE
OP VRYDAG 24 MEI 2019**

TEENWOORDIG:	Mnr DL Carstens : Voorsitter / Lid Trustee Me M van Zyl : Ondervoorsitter / Lid Trustee Mnr HF Botha : Addisionele Trustee Mnr J Jacobs : Addisionele Trustee Mnr WR Meiring : Raadslid Trustee Mnr S Philander : Raadslid Trustee Mnr JAH van den Berg : Pensioenaris Trustee Me IT Hartlief : Hoofbeampste 36 Afgevaardigdes en 6 waarnemers
VERSO FINANSIËLE DIENSTE:	Mnre W Hugo, E Thomson en P Wallace Me Y Wilken en S Erasmus
OLD MUTUAL KORPORATIEWE KONSULTANTE:	Me V Nelson en E D'OLiviera Mnre A de Vos en C Carolissen
GRAYSWAN BELEGGINGS:	Mnr D Theron
MOMENTUM KONSULTANTE & AKTUARISSE:	Mnr S Neethling
SIMEKA KONSULTANTE & AKTUARISSE:	Mnr B du Plessis
VERSKONINGS:	Mnr PW Esterhuizen – Pensioenaris Trustee Me M de Klerk - Raadslid van Mosselbaai Munisipaliteit

1. OPENING VAN VERGADERING EN VERWELKOMING VAN AFGEVAARDIGDES

- 1.1 Die voorsitter verwelkom al die aanwesiges en spreek sy waardering uit vir die spesiale moeite wat hulle gedoen het om die 35ste Algemene Jaarvergadering van die Fonds by te woon. Hy spreek ook die hoop uit dat die inligting wat by die vergadering gegee sal word, enige kommer en vrae van die afgevaardigdes sal aanspreek.
- 1.2 Die vergadering word deur mnr Edward Thomson met skriflesing en gebed geopen.



2. KENNISGEWING VAN VERGADERING

Die voorsitter kondig aan dat, ooreenkomstig die Reëls van die Fonds, daar behoorlik kennis gegee is van die 35^{ste} Algemene Jaarvergadering. Hy bevestig dat 'n kworum afgevaardigdes teenwoordig is, en verklaar dat die vergadering **BEHOORLIK GEKONSTITUEER** is.

3. BEKRAGTIGING VAN NOTULE

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die notule van die Algemene Jaarvergadering, gehou op 25 Mei 2018, eenparig **GOEDGEKEUR** word.

4. VOORSITTERSREDE (Bylae A)

Die ondervoorsitter, me Michelle van Zyl, neem die voorsitterstoel oor terwyl die voorsitter sy rede lewer. Die voorsittersrede word met dank **AANVAAR**.

5. VORLEGGING: JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

Me Yvonne Wilken van Verso Finansiële Dienste, die Fonds se aangestelde administrateur, lê die Jaarlikse Finansiële State soos op 30 Junie 2018 voor.

'n Verteenwoordiger vra wat bedoel word met die stelling dat 'n sekere getal lede uit die Fonds onttrek het.

Me Wilken verduidelik dat sy verwys het na lede wat 'n voordeel ingevolge die Reëls van die Fonds ontvang het en dus hul lidmaatskap van die Fonds beëindig het. Byvoorbeeld persone wat uit hul werk bedank het.

Daar word dan voorgestel en gesekondeer dat die Jaarlikse Finansiële State en die Verslag eenparig **GOEDGEKEUR** word.

Die Jaarlikse Finansiële State is 'n bylaag tot die agenda.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

6. VORLEGGING: BELEGGINGS EN FONDSPRESTASIE

Daar word met waardering **KENNIS GENEEM** van die voorlegging deur mnr Duncan Theron van GraySwan Beleggings, die Fonds se aangestelde beleggingskonsultant.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

7. VORLEGGING: AKTUARIËLE WAARDASIE

Mnr Sean Neethling van Momentum Konsultante & Aktuarisse, die Fonds se aangestelde aktuaris, lê die aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2018 voor.

Mnr Derick Tromp, 'n werknemer van die Stad Kaapstad, spreek kommer uit oor die daling in die getal aktiewe lede en wil weet watter stappe die Raad doen om die ledetal te verhoog.



In antwoord hierop verduidelik me Hartlief, die hoofbeampte, dat daar 'n wanopvatting by deelnemende werkgewers bestaan dat die Fonds vir nuwe lede gesluit is. Die Fonds is al baie jare 'n vastebydrae-fonds en was nog nooit gesluit vir nuwe lede nie. Sy sê die Fonds is sedert 2016 besig met 'n kommunikasie- en bemarkingsveldtog. Dit behels die bou van verhoudinge, en betrokkenheid by die inlywing van nuwe lede, in 'n poging om nuwe lede te werf. Die Fonds slaag daarin om nuwe lede te werf en is in 'n groeifase. Daar is egter lede wat die Fonds verlaat terwyl nuwes aansluit. Gevolglik is die groei in die getal nuwe lede nie altyd duidelik waarneembaar nie.

Mnr Tromp verwys vervolgens na die geleentheid wat lede in 1997 gegee is om by die destydse Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds (KGAF) aan te sluit en vra of daar 'n moontlikheid bestaan dat lede 'n soortgelyke geleentheid gegee sal word om by 'n ander fonds aan te sluit.

Me Hartlief verduidelik dat die geleentheid wat in 1997 gegee is, ontstaan het omdat die Fonds die KGAF as 'n afsonderlike vastebydrae-fonds geskep het en dat lede dus die geleentheid gegee is om oor te gaan na die vastebydrae-fonds. Die moratorium op die vryheid van assosiasie laat lede nie toe om hul lidmaatskap na 'n ander fonds oor te dra nie. Me Hartlief noem dat lede nie bekommerd hoef te wees oor die ledetal nie, omdat beleggingsopbrengste – en nie ledetal nie – welvaart by aftrede bepaal.

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorlegging.

Daar word ook KENNIS GENEEM van die opsomming van die aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2018. **(Bylae B)**

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

8. VOORLEGGINGS: KORPORATIEWE BESTUUR VERWANTE AKTIWITEITE / REËLWYSIGINGS / FONDSVERWANTE TENDENSE EN VERWIKKELINGE

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorleggings deur mnr Braam du Plessis van Simeka Konsultante & Aktuarisse, die Fonds se aangestelde konsultant.

Die Powerpoint voorleggings en die volledige transkripsie van die voorleggings kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

9. MOSIES

Daar word KENNIS GENEEM dat geen mosies ontvang is nie.

10. ALGEMENE VRAE

Die volledige transkripsie van die V&A kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

- 10.1 Mnr Robert du Plessis, 'n werknemer van Buffalo Stad Munisipaliteit, noem dat die Fonds vyf jaar gelede laas sy munisipaliteit besoek het, en vra dat 'n *roadshow* weer aangebied word.



Me Hartlief antwoord dat die Fonds gedurende die afgelope twee jaar die Buffalo City Munisipaliteit se MH-afdeling besoek het en die voordeelstruktuur aan hulle verduidelik het. Sy meld dat die Fonds graag 'n voorligtingsessie vir lede by Buffalo City Munisipaliteit wil hou, en dat die Fonds dan met mnr Du Plessis in aanraking sal kom.

- 10.2 Mnr Sibonelo Ninela, 'n werknemer van George Munisipaliteit, rig 'n soortgelyke versoek aan dié van mnr Du Plessis.

Me Hartlief noem dat 'n voorligtingsessie juis die Maandag voor die AJV by George Munisipaliteit gehou is en dat dit goed bygewoon is. Sy sê die Fonds streef om by alle inlywingsessies by die verskillende deelnemende werkgewers betrokke te wees. Die realiteit is egter dat alle inlywings gedurende die eerste week van die maand plaasvind, en terwyl net twee persone beskikbaar is om te reis, is dit onmoontlik om al die inlywingsessies by te woon. Daarom het die Fonds hom toegespits op die munisipaliteite wat die naaste geleë is, en wat die beste geleentheid bied om potensieële lede te werf. Sy sê die Raad het 'n elektroniese stemaanbieding goedgekeur wat gebruik kan word by inlywingsessies waarheen die Fonds nie 'n verteenwoordiger kan stuur nie.

- 10.3 Mnr Sibonelo Ninela, 'n werknemer van George Munisipaliteit, verwys ook na die moratorium op die vryheid van assosiasie en sê daar is baie werknemers wat nie behoorlik oor hul keuse van 'n aftreefonds ingelig word nie en gevolglik in minderwaardige fondse beland. Hy vra vir bemerkingsmateriaal van die LA Aftreefonds sodat hy dit kan gebruik om werknemers te oorreed om hul lidmaatskap oor te dra wanneer moontlik.

Me Hartlief verwys weer na die SALGA-moratorium op die vryheid van assosiasie en dat lede van ander fondse nie tans die vryheid het om hul lidmaatskap oor te dra nie.

- 10.4 Mnr Sibonelo Ninela, 'n werknemer van George Munisipaliteit, sê dat sommige mense in 'n tweede annuïteit by 'n finansiële instelling belê en vra of die Fonds die konsep aan munisipaliteite sal bemark om mense aan te moedig om in 'n tweede annuïteit te belê.

Me Hartlief sê die beste advies sou wees dat lede meer geld in die Fonds belê in die vorm van addisionele vrywillige bydraes, omdat dit die kostedoeltreffendste spaaropsie vir lede is en dat hulle die voortreflike opbrengste sal kry wat die Fonds behaal.

- 10.5 Mnr Robert du Plessis, 'n werknemer van Buffalo Stad Munisipaliteit, vra of daar enige waarheid steek in die gerugte wat in die omgewing van Oos-Londen en King William's Town die ronde doen dat die aftree-ouderdom van 65 na 60 verlaag gaan word.

Me Hartlief sê dat die Fonds nie bewus is van die gerugte nie en geensins oor so 'n voorneme ingelig is nie.

11. DANKBETUIGINGS deur me Michelle van Zyl

Me Van Zyl, die ondervoorsitter, deel 'n aangrypende gedig oor die mensehart wat vir die welstand van ander omgee sonder om iets terug te verwag. Sy doen daarna die volgende bedankings:

- 11.1 Aan mnr Edward Thomson van Verso Finansiële Dienste vir die inspirerende wyse waarop hy die vergadering geopen het;



- 11.2 Aan mnr Danie Carstens, die nuwe Voorsitter, vir sy besliste, professionele en kalm leierskap gedurende die hele jaar en die manier waarop hy altyd die menings van alle Trustees verkry voordat besluite geneem word;
- 11.3 Aan die Raad vir hulle onwrikbare lojaliteit, harde werk en betrokkenheid by die bestuur van die Fonds;
- 11.4 Aan die hoofbeampte, me Ilse Hartlief, vir haar passievolle en kundige bydrae en haar koördinerings van die Fonds se sake;
- 11.5 Aan die aanbieders: Me Yvonne Wilken en mnre Duncan Theron, Sean Neethling en Braam du Plessis vir hulle insiggewende en dinamiese aanbiedings asook hulle waardevolle raad gedurende die jaar;
- 11.6 Aan mnr Wouter Hugo, die nuwe HUB van Verso Finansiële Dienste, en sy personeel vir die hoë kwaliteit administratiewe dienste en voortdurende ondersteuning en lojaliteit aan die Fonds;
- 11.7 Aan me Valerie Nelson van Old Mutual Korporatief en haar span vir die immer verbeterende kommunikasie met lede en pensioenarisse, asook die nuwe ontwerpverbeterings ten opsigte van die Fonds se gedrukte en elektroniese materiaal;
- 11.8 Aan Sanlam vir die gebruik van die ouditorium;
- 11.9 Aan me Mandy Addison van TGI vir die opname van die vergadering;
- 11.10 Aan me Natalie Cedras van Fedics en haar personeel vir die spyseniering;
- 11.11 Aan me Susan Erasmus vir die organisering en koördinerings van die vergadering asook haar ondersteuning aan die Raad gedurende die jaar;
- 11.12 Aan alle afgevaardigdes vir hulle verteenwoordiging en deelname.

Die voorsitter bedank me Michelle van Zyl vir haar toewyding en vir die sinergie wat daar tussen die voorsitter, ondervoorsitter en hoofbeampte bestaan.

Hy herinner die afgevaardigdes aan die voorlegging oor die In-fonds Lewende Annuïteit wat om 12:00 in die Opleidingsentrum begin.

'n Voorspoedige terugrit word elkeen toegewens.

Die vergadering verdaag op Vrydag, 24 Mei 2019 om 11:30.

.....
DATUM

.....
VOORSITTER



Bylae A

Voorsittersrede



Beste lede, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes,

As voorsitter van die LA Aftreefonds is dit vir my 'n voorreg om hierdie Fondsverslag aan u voor te lê. Ek is deur die Raad van Trustees verkies om as voorsitter by mnr Sakkie du Toit oor te neem op 1 Julie 2018. Ek is bevoorreg om reeds sedert 2013, toe ek deur medelede tot die Raad verkies is, bygestaan te word in die bestuur van hierdie besonder goed geadmistrateerde munisipale fonds. Daarom is ek deeglik vertrouwd met al die ontwikkelinge en kan ek met vertroue hierdie verslag oor die vorige finansiële jaar voorlê. Ek het my veroorloof om ook vooruitskouend te kyk na werk wat in die 2017/2018-jaar begin het en kort daarna geïmplementeer is.

Eerstens wil ek my voorganger, mnr Du Toit, bedank vir sy bystand aan die Raad om die Fonds in 2016 suksesvol deur die naamsverandering te lei, die vele positiewe voordeelveranderings wat sedertdien vir ons lede in werking gestel is, en die deurlopende toegewyde fokus op etiese leierskap en bestuurstoestig. Dit was ook 'n voorreg om mnr Johan Jacobs in Augustus 2018 terug te verwelkom – hierdie keer as 'n addisionele trustee. Ons het ook afskeid geneem van mnr Jan van der Merwe, wat besluit het om in Desember af te tree, nadat hy meer as 16 jaar in hierdie Raad gedien het.

Die 2018 finansiële jaar was 'n besige tydperk vir die Raad van Trustees en al die belanghebbendes en diensverskaffers. Ondanks die plaaslike en internasionale ekonomiese uitdagings en talle wetsveranderings waaraan voldoen moet word, het die Fonds steeds sy belofte aan lede gestand gedoen om hulle die aftrede te help verseker wat hulle verdien. Ons het nie net daarop gefokus om in die behoeftes van ons lede te voorsien nie, maar ook hul vertroude vennoot geword wat saam het hulle die pad loop tot by aftrede én daarna.

Ons lae-koste, aktief bestuurde In-fonds Lewende Annuïteit, wat in 2016 geskep is, het groot aftrek gekry onder aftredende lede wie se beleggings in die Fonds se verstek-lewensfaseportefeuljes 'n seepgladde oorgang na die In-fonds Lewende Annuïteit by aftrede moontlik gemaak het. Hierdie afgetredenes vind dus steeds baat – nie net by die Fonds se lae kostestruktuur wat hulle as aktiewe Fondslede geniet het nie, maar ook by die trustees se gediversifiseerde langtermyn-beleggingsbenadering en beginselvaste benadering tot Fondsbestuurstoestig.

Die res van my verslag sal fokus op die vier duidelike beloftes waarop die Fonds se missieverklaring berus, naamlik doeltreffende aftreebeleggings, etiese fondsbestuur, duidelike kommunikasie en voorligting, en bekostigbare risikovoordede.

Aftreebeleggings

Na 'n sterk herstel in die aandelemark in die tweede helfte van 2017 en die verkiesing van 'n nuwe ANC-president, het vertroue na Suid-Afrika teruggekeer. Dit was ongelukkig van korte duur, as gevolg van wêreldgebeure.

Die talle voortslepende geopolitieke kwessies het gelei tot 'n vlug na veiligheid uit ontlukende ekonomieë soos Suid-Afrika. Ondanks die strawwe makro-omgewing en baie lae plaaslike groei, het die Fonds se vastebydrae-, risikoprofiel-gekoppelde oplossings verwagtings oortref met opbrengste van 7.29% tot 11.43%.



Die resultate toon dat die Fonds oor die kort, medium en lang termyn steeds 'n leier in die bedryf is, in vergelyking met ander institusionele munisipale aftreefondse en kleinhandelseffektetrustfondse (wat van besondere belang is vir aftredende lede wanneer hulle opsies vir die voorsiening van 'n inkomste gedurende aftrede oorweeg). Dit is goeie nuus – nie net vir aktiewe Fondslede nie, maar ook vir aftredende lede wat gekies het om die In-fonds Lewende Annuïteit te koop.

Dit is duidelik dat die strategieë wat deur die trustees toegepas word, en hul volgehoue strewe om koste so laag as moontlik te hou, ons lede en afgetredenes in hierdie onseker markomgewing baat.

Uit 'n beleggingsoogpunt was 2018 'n baie moeilike jaar, en nog onbestendigheid word vir 2019 voorspel. Wat gerusstellend is in hierdie onseker tye, is dat die trustees 'n gedissiplineerde beleggingsbenadering volg en nie toelaat dat die Fonds se risikoprofiel-gekoppelde oplossings op enkel makro-ekonomiese en beleggingsienings staatmaak nie. Die trustees heg eerder hoë waarde aan diversifikasie oor sektore, industrieë, streke, beleggingsbestuurders, fondse en geldeenhede heen, wat hopelik sal beteken dat ons lede selfs nog beter nuus in die beleggingsoorsig van volgende jaar se jaarverslag sal kry.

Mnr Duncan Theron van GraySwan Beleggings, die Fonds se batekonsultant, sal meer insig in die Fonds se beleggings gee tydens sy voorlegging.

Etiese Fondsbestuur

Die Raad hou sy diensverskaffers verantwoordbaar om diens van hoë gehalte aan die Fonds te lewer, wat voldoen aan die standaard wat in die verskillende ooreenkomste uiteengesit is. Gedurende die oorsigjaar het die trustees die opstel van 'n lys sleutelprestasie-aanwysers vir elke diensverskaffer (die SPA-protokol) goedgekeur en alle diensverskaffers moet elke jaar hul prestasie teenoor hierdie sleutelprestasiegebiede verantwoord.

Kostebesnoeiing is 'n deurlopende fokus van die trustees, aangesien die Fonds se totale koste uiteindelik 'n invloed op lede se aftreespaarfondse het. Die Raad gaan gereeld opsies, dienste en fooie in die hele aftreefondsbedryf na en meet die Fonds met hierdie bedryfstandaarde om te verseker dat die Fonds die beste moontlike diens teen mededingende tariewe lewer. Die trustees stel 'n voorbeeld deur hul eie koste vir die Fonds te hersien. Die ouditkomitee het gedurende die laaste kwartaal van 2018 aanbevelings aan die Raad voorgelê. Hierdie selfontleding het gelei tot 'n vermindering van die getal Raadsvergaderings van maandeliks na tweemaandeliks, die vervanging van vergaderingtoelae deur 'n markverwante maandelikse toelae en 'n ooreenkoms dat die trustees se jaarlikse opleiding by die Fonds se kantore in plaas van by 'n ander vergaderplek sal plaasvind. Hierdie drie kostebesparingsinisiatiewe het op 1 Januarie 2019 in werking getree en dit is nie net ons aktiewe lede wat direk hierby baat vind nie, maar ook ons In-fonds Lewende Annuïtante.



Kommunikasie en voorligting

Kommunikasie en voorligting bemagtig ons lede om die regte besluite te neem. Hoe meer doeltreffend ons dit doen, hoe beter is dit vir ons lede. Die Fonds het 'n aantal voorligtingsveldtogte gedurende die vorige finansiële jaar onderneem.

Lede se jaarlikse voordeelstate is heeltemal oorgedoen en sluit 'n splinternuwe projeksiestaat in wat hulle help om beter te verstaan watter maandelikse inkomste of pensioen in vandag se geld gekoop kan word met die waarde van hul lidbelang. Positiewe terugvoer is van lede ontvang en die state van 30 Junie 2018 is weer eens gewysig om lede verder te help. Ons het ook die Fonds se eerste In-fonds Lewende Annuïteit-projeksiestaat die lig laat sien en dit is teen die einde van die finansiële jaar aan alle In-fonds Lewende Annuïtante uitgereik. Hierdie staat het annuïtante gehelp om hul toepaslike onttrekkingskoerse te bepaal. Dit sal nou 'n standaard-item wees wat elke jaar uitgereik word.

Die Fonds se webtuiste en al sy vraag-en-antwoord-boekies en vorms is bygewerk om nakoming van Regulasies 37, 38 en 39 (d.i. die sogenaamde Verstekregulasies) asook die vereistes van die Wysigingswet op Belastingwette te verseker.

Die Fonds se nuwe kwartaallikse beleggingsnuusbrieff is bekend gestel, en ek is bly om te bevestig dat dit die mees gelese kommunikasiestuk geword het wat deur die Fonds uitgereik word. Dit gee nie net 'n oorsig van die jongste internasionale en plaaslike marknuus nie, maar ook 'n oorsig van hoe die Fonds se beleggingsportefeuljes gevaar het, en vergelyk dit met die prestasie van ander munisipale fondse soos ons s'n.

Die administrateur het gedurende die oorsigjaar 'n proses begin om lede se e-posadresse en selfoonnommers te verkry. As u u selfoonnommer verskaf, kan ons aan u 'n SMS stuur om u bewus te maak van belangrike Fondsinligting. Ons streef om in die toekoms meer elektroniese kommunikasiemediums te gebruik en op dié manier die nodigheid van duur drukwerk en posgeld te verminder. Maak dus asseblief seker dat ons u korrekte e-posadres en selfoonnommer op rekord het.

Die Fonds het teen die einde van 2018 direkte voorligtingsessies vir lede gehou. Ek bevestig graag dat die eerste sessies in Hessequa en Atlantis gehou is. Lede word aangemoedig om op die uitkyk te wees vir uitnodigings na hierdie sessies by hul plaaslike owerhede, aangesien die inligting wat by hierdie geleenthede deurgegee word, ons lede verder toerus op hul pad na aftrede en daarna.

Alle lede van 54 jaar en ouer sal die geleentheid gegee word om in 2019 'n aftreebeplanningswerkwinkel by te woon wat nie net die finansiële aspek van aftrede dek nie, maar ook die sielkundige impak en die kwessies wat hanteer moet word in die voorbereiding vir aftrede en daarna. Vier baie suksesvolle aftreebeplanningswerkinkels is in Maart vanjaar vir ons lede van die Stad Kaapstad gehou.



Bekostigbare risikovooredele

Die Fonds het in Augustus en September 2017 buigsame sterfte- en ongeskiktheidsvooredele bekend gestel. Lede kan hul eie vlak van sterftedekking bepaal wat beide hul behoeftes en hul sak pas. Op versoek van lede en sommige werkgewers, is twee nuwe vrywillige vooredele gedurende die 2018 finansiële jaar bekend gestel. Vrywillige uitgebreide familiebegrafnisdekking is aan alle lede verskaf, benewens die Fonds se begrafnisdekking vir lede en hul gesinne. Vrywillige Kritieke Siektevooredele is bekend gestel om lede 'n eenmalige geleentheid te gee om teen billike tariewe versekering teen sekere gevreesde siektes aan te gaan. Hierdie selfde vooredele teen groeptariewe kan nie op 'n individuele grondslag in die kleinhandelsmark gekoop word nie.

Die voorsiening van risikovooredele word elke jaar in die mark getoets om seker te maak dat die mees robuuste, kostedoeltreffende en bekostigbare vooredele aan ons lede verskaf word.

Die allerjongste nuus is dat ons tariewe vir begrafnisdekking vir die derde jaar na mekaar verlaag word, vanaf 1 Julie vanjaar. Dit beteken meer van die werkgewer se bydrae gaan na lede se aftree-spaarfondse.

Ons pensioenaribates

Die trustees het voortgegaan om ten nouste saam te werk met die direksie van Newshelf 922 (Edms) Bpk, die maatskappy waarin al die Fonds se beleggingseiendomme behalwe een gehou word. Die Raad van Trustees het die direksie in 2016 opdrag gegee om al die Fonds se direkte eiendomme te verkoop, met die doel om hierdie bates elders te kan belê en hoër opbrengste te verdien wat ons pensioenarisse direk sou bevoordeel. Ek is bly om te rapporteer dat al die eiendomme wat deur Newshelf gehou is, teen die einde van die verslagtydperk reeds verkoop is, en dat die oordrag van die laaste twee teen die einde van 2018 afgehandel is.

Die gedeelte van die pensioenarisportefeulje wat volgens 'n laste-gedrewe beleggingstrategie bestuur word, het steeds die verpligting ten opsigte van pensioenarisse geëwenaar en die trustees het 'n pensioenverhoging in ooreenstemming met die Pensioenverhogingsbeleid toegestaan, sonder om die algehele befondsingsvlak van die pensioenarisportefeulje te affekteer. Die pensioenverhogingsteiken is weer verhoog en pensioenarisse het hul diskresionêre pensioenaribonusse ontvang.

Vooruitskouend

Die Raad van Trustees sal voortgaan om ons belofte aan ons lede, afgetredenes en pensioenarisse na te kom, deur 'n toegewyde fokus op 'n kultuur van etiese gedrag en goeie bestuurstoelig. Kostebestuur is onderliggend aan alles wat ons doen, aangesien die Raad daarvan bewus is dat elke rand wat in 'n vastebydrae-aftreefonds bestee word, uiteindelik 'n impak op die lede het.



Soos reeds genoem, streef ons om ons kommunikasie verder te verbeter en in plaas van om bloot inligting deur te gee, werklik ons lede toe te rus om besluite te neem wat in hul beste belang is. Ons wil ook voortgaan om die pad saam met ons lede te loop tydens die oorgang van aktiewe lede na In-fonds Lewende Annuïtante met hul aftrede.

Dankie

Ek sê graag dankie aan ons deelnemende werkgewers en Fondsleder, want sonder hul ondersteuning en vertroue sou die LA Aftreefonds nie bestaan het nie. Ons sien uit daarna om steeds hierdie vertroue met bestendige beleggingsprestasie, voortreflike dienslewering en wêreldklas bestuurstoetsig te beloon in die jare vorentoe.

Dankie aan my medetrustees vir hul volgehoue toewyding, professionaliteit en ondersteuning, en aan die res van die span (die professionele diensverskaffers en die hoofbeampte) wat ons help om deurgaans ons missie te verwesenlik.

Ek stel nou graag me Yvonne Wilken van Verso Finansiële Dienste aan die woord om die hoogtepunte van die Fonds se finansiële jaarstate soos op 30 Junie 2018 te bespreek.

Danie Carstens
VOORSITTER



Bylae B

**Opsomming
Aktuariële Waardasie
30 Junie 2018**



LA Aftreefonds

Opsomming van die Aktuariële Waardasie soos op 30 Junie 2018

1. Hoofdoelstellings van die waardasie

Die hoofdoelstellings van die waardasie is om:

- Die finansiële toestand van die Fonds te bepaal deur die aktuariële waarde van die bates met die waarde van die opgelope-diens voordele, soos op die waardasiedatum, te vergelyk;
- Die beleggingsopbrengs toekennings vir aktiewe lede van die VB Afdeling te hersien;
- Die persentasie waarmee die maandelikse pensioene kan verhoog te bepaal, en
- Die balans van die aanvaarbare reserwes te bepaal om die Fonds te beskerm.

Die vorige waardasie is soos op 30 Junie 2017 uitgevoer.

2. Lidmaatskap statistieke

	30 Junie 2018	30 Junie 2017
VB Afdeling Aktiewe lede		
Aantal	1 432	1 463
Jaarlikse pensioengewende salarisse (Rm)	325.3	305.6
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	49.7	49.7
Geweegde gemiddelde dienstydpark (jare)	20.4	20.6
Pensioenarisse en VV uitgestelde pensioenarisse		
Aantal	3 510	3 730
Jaarlikse pensioen (Rm)	185.8	189.4
Gemiddelde jaarlikse pensioen (R)	52 933	50 779
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	76.9	76.4
Binnefonds-lewende Annuïtante	16	4

- * VB beteken vastebydrae
VV beteken vastevoordele



3. Finansiële toestand van die Fonds

Finansiële toestand	30 Junie 2018	30 Junie 2017
Pensioenarisrekening	R 000	R 000
Waarde van bates ¹	1 776 181	1 859 077
Pensioenarisse laste ²	(1 667 050)	(1 762 159)
Solvensie Reserwe	(45 708)	(49 929)
Surplus	63 423	46 989
Befondsingsvlak van die Pensioenarisrekening ³	103.7%	102.6%

Notas:

1. Die waarde van die bates is die redelike waarde van die netto bates van die Fonds na aftrekking van bedryfslaste en enige laste voortspuitend uit die belofte, verhipotekering of ander beswaar van die bates van die Fonds. Die aktuariële waarde van die bates is gelyk aan die redelike waarde van die bates.
2. Pensioenarisse laste sluit in VV uitgestelde pensioenarisse-laste en 'n voorsiening vir toekomstige uitgawes wat verband hou met hierdie kategorieë van Lidmaatskap.
3. Die befondsingsvlak word bepaal deur die waarde van die pensioenarisrekeningbates gedeel deur die som van die pensioenarisse-laste en die Solvensie Reserwe.

Finansiële toestand	30 Junie 2018	30 Junie 2017
VB Afdeling	R 000	R 000
Waarde van bates	2 018 237	1 911 937
Ledebelange	(1 970 695)	(1 867 824)
Lewende Annuïteitsreserwe	(44 225)	(17 062)
Gebeurlikheidsreserwe	(9 199)	(10 059)
Verwerkingsfoutreserwe ¹	5 882	(16 992)
Surplus	0	0
Befondsingsvlak van die VB Afdeling	100.0%	100.0%

Nota:

1. Die Verwerkingsfoutreserwe het 'n negatiewe saldo van R5.882 miljoen gehad op 30 Junie 2018 wat -0.3% van die VB Afdeling se laste verteenwoordig. Die Trustees kan die saldo van die Verwerkingsfoutreserwe aan die Ledebelange en die Lewende Annuïteitsreserwe toeken.



4. Beleggingsopbrengs op lede se lidbelange

	30 Junie 2018	30 Junie 2017
Opeenhopingportefeulje	11.4%	3.1%
Konsolidasieportefeulje	10.7%	5.0%
Bewaringsportefeulje	10.6%	5.6%
Kontant Plus Portefeulje	7.3%	7.8%
Shariàh Portefeulje	1.7%	-

Nota:

1. Hierdie opbrengs is vir die 5 maande tydperk vanaf 1 Februarie 2018 tot 30 Junie 2018.

5. Bydraekoerse

	% van salaris
Plaaslike Owerhede vir Kontrakwerknemers	7.5 of 10.0
Plaaslike Owerhede vir ander aktiewe lede	18.0
Aktiewe lede	9.0
Kontrakwerknemers	7.5

6. Gevolgtrekkings

- Die Pensioenarisrekening is in 'n gesonde finansiële toestand soos op die waardasiedatum met 'n surplus van R63.4 miljoen en 103.7% befondsingsvlak.
- Die VB Afdeling het 'n befondsingsvlak van 100% en is in 'n gesonde finansiële toestand.
- Die Fonds is in 'n gesonde finansiële toestand en die algehele befondsingsvlak is 101.7% met 'n surplus van R63.4 miljoen.
- Die Trustees het die negatiewe saldo van die verwerkingsreserwerekening van -0.3% van laste aan die Ledebelange en Lewende Annuïteit-rekening toegeken.
- 'n Pensioenverhoging van 3.22% soos op 1 Januarie 2019 was toegeken.
- Die Trustees het die pensioenverhogingsteiken vanaf 65% tot 70% van prysinflasie vanaf 1 Januarie 2019 verhoog.
- 'n Bonus van 60% van die maandelikse pensioen was in Desember 2018 toegeken.



Sean Neethling BSc CFP® FASSA FIA

Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika
in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en as 'n werknemer van
Momentum Konsultante en Aktuarisse (Pty) Ltd.

Die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika is die primêre reguleerder in my
professionele hoedanigheid.

11 April 2019